

19 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: DL, VD 2:5

Nie alle mense nie, maar net gelowiges is vry van die oorspronklike sonde!

Die Bybelse leer oor die erfsonde is moeilik vir die natuurlike mens om te aanvaar. Net soos in die tyd toe die DL opgestel is, is daar ook in ons tyd mense wat hierdie leer verwerp. Net soos toe verkondig hulle ook vandag: "Alle mense is in die staat van die versoening en in die genadeverbond opgeneem, sodat niemand vanweë die oorspronklike sonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem word nie, maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is."

Die Bybel leer egter dat ons nie net sonde doen nie, maar dat ons in ons wese ook sondig is. Nie net die sonde wat ons doen maak ons die ewige dood skuldig nie, maar ook hierdie sondige aard van ons bring mee dat ons die ewige dood skuldig is. Dawid het al in Psalm 51:7 bely: "Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het." In Efesiërs 2:3 lees ons: "Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word."

Om dié rede het Jesus versoening gedoen, nie net vir die sonde wat ons doen nie, maar ook vir ons sondige aard. Hy het nie net betaal vir wat ons gedoen het nie, maar ook vir wat ons is!

Omdat alle mense sondig is verdien alle mense die ewige dood. God skenk egter genade aan dié wat in Hom glo en die verlossing in Christus aanneem. Dié wat nie in Jesus as die enigste Verlosser glo nie is nog steeds die ewige dood skuldig. Jesus het nie alle mense salig gemaak, soos wat die dwaalleraars beweër nie. Nee, Hy het slegs die gelowiges salig gemaak. Daarom moet ek God vandag dank dat Hy my nie net vergewe vir wat ek gedoen het nie, maar ook vir wat ek is!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~